# HOOFSTUK II

## DIE TYDPERK ONDER MILITêRE BEWIND.

### A. TOESTANDE ONDER DIE VROEë BESETTINGSMAGTE.

Die jaar 1915 het vir die Duitse koloniste in Suidwes-Afrika alles behalwe rooskleurig begin. Sedert April 1914 was dié gebied in oorlog met die Unie van Suid-Afrika. Na die slag van Gibeon het die hele Suide in die hande van Uniemagte geval en kon kinders uit daardie geweste nie skool bywoon in Windhoek nie. 'n Strawwe griepepidemie in Maart 1915 het verder daartoe bygedra dat die skool gesluit moes word. Tot op hierdie datum kon geen noemenswaardige onderrig gegee word nie, want die Duitse onderwysers is weens die oorlog ook betrek. Op 12 Mei 1915 het generaal Louis Botha Windhoek beset en onder andere Oberlehrer Zedlitz ook geïnterneer.(1)

Die oorlog tussen Duitse en Unie-troepe is beëindig met die oorgawe by Khorab op 9 Julie 1915. Krygswet is geproklameer en daarmee is die Duitse siviele administrasie beeindig.(2) Verrassenderwys is die geïnterneerde onderwysers kort daarna vrygelaat om aan te gaan met opvoedingswerk. Voorlopig het die besettingsmagte hulle glad nie met skoolsake bemoei nie. Die bestaande skole is regstreeks onder beheer van Regierungsrat Kastl, die laaste Duitse sekretaris van Suidwes-Afrika, geplaas.(3)

---

(1) Fünfzig Jahre Höhre Privat Schule Windhuk, p.14.

(2) (a) Proklamasie Nr. 5 van 1915.
(b) Seitz: Th., Süd-Afrika im Weltkriege, p.51-53.

(3) Jubileumblad van die Orban Laerskool, p.18.

Die posisie het egter spoedig verander, want in 1916 word die Realschule se gebou in Leutweinstraat opgeëis vir 'n Engelse staatskool. Gelukkig was 'n pasvoltooide meisieskoshuis van die Windhoekse Bezirksverband in die 20ste Allee beskikbaar en kon die Duitse kinders met skoolameubelment en leermiddels binne 'n dag oortrek, sonder 'n onderbreking van hul werksaamhede.[1]

Hoewel Seitz beweer dat die Duitse skole gedurende die besettingstyd nie net behou is nie, maar ook aansienlik uitgebrei is,[2] val dit in die lig van verskillende probleme te betwyfel. In Luderitz bv. was die skool vir ongeveer 'n jaar gesluit, want die hele dorpie is ontruim en na die oorgawe moes die skoolgebou, wat deur die artillerie benut is, eers weer vir skooldoeleindes ingerig word.[3] Oor heel die land was daar gebrek aan geld, noodsaaklike leermiddels en handboeke. Die onderrig in Chemie en Fisika is in die Realschule so gekortwiek dat toestemming later verkry moes word om chemikalieë uit die vroeëre Duitse Bakteriologiese Instituut te Gammams te neem.[4] Aangesien die getal van die Duitse onderwysers nie meer uit Duitsland aangevul kon word nie, is die behoefte deeglik gevoel en ten einde leerkragte te bespaar, het die Realschule na vele heen en weer trek op soek na

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Privat Schule, p.15.

(2) Seitz: Th., Süd-Afrika im Weltkriege, p.50.

(3) Fünfzig Jahre Deutsche Schule Lüderitzbucht, p.13.

(4) Die Deutsche Höhere Privatschule, Windhoek, Heft 3, September, 1963, p.15.

akkomodasie, weer met die Volksschule onder een dak verenig met Prof. Ghries as hoof.(1)

Teen die einde van 1918 het 'n tweede griepepidemie 'n onderbreking veroorsaak toe die skool op 17 Oktober moes sluit en die „Einjährigenexamen" dientengevolge verval het.(2)

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Duitse skoolwese onder die vroeë besettingstyd taamlik ongehinderd kon voortgaan sonder inmenging van die besettingsmagte. Dit is egter gekortwiek deur die normale probleme wat die gevolge van die heersende oorlog of plaaslike omstandighede was, behalwe waar geboue opgeëis is ten einde die besettingsmoondheid se eie skoolstelsel te ontwikkel. Die onderwysers is deur die Duitse Ryksregering besoldig en die fondse vir die onderhoud van die skoolwese is langs diplomatieke kanale deur die Amerikaanse gesant aangestuur.(3)

## B. IMPLIKASIES VAN DIE VREDE VAN VERSAILLES.

By die Verdrag van Versailles, 28 Junie 1919, is oor die staatkundige posisie van Suidwes-Afrika besluit. Kragtens art. 119 het Duitsland formeel afstand gedoen van al haar oorsese besittings, insluitnde Suidwes-Afrika, ten gunste van die Geallieerde en Geassosieerde Moondhede.(4)

---

(1) Fünfzig Jahre Höhere Private Schule, p.16.

(2) Ibid., p.15.

(3) Verslag van die Kommissie i.s., Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika., p.22.

(4) Ibid., p.4.

Die gebied is as 'n mandaat onder toesig van die Suid-Afrikaanse Administrasie geplaas, volgens artikel 2 van die Deklarasie van die Volkebond, gedateer 17 Desember 1920.[1]

Artikel 122 van die Vredesverdrag het die Mandataris die reg gegee om die Duitse onderdane òf te repatrieer òf te laat bly onder die voorwaardes wat hy voorskryf. Kragtens hierdie bevoegdheid het die Unieregering gedurende 1919 en 1920 'n totaal van 6374 Duitse onderdane, waarvan 1433 vrywilligers was, na Duitsland gerepatrieer.[2] Daardeur is die Duitse bevolking met ongeveer die helfte verminder.[3]

Hierdie stap het die Duitse skole swaar getref. Waar die Deutsche Realschule Windhoek in 1919 met 130 leerlinge begin het, het die getal spoedig gedaal tot 70.[4] Ook in Luderitz weerspieël die latere 100 teenoor die aanvanklike 146 die gevolge van die beslissing.[5] In Windhoek word in Augustus 1919 die eerste Schulverein gestig met toestemming van die besettingsowerheid. Hierdie stap word oral in die land opgevolg om te verseker dat, na die vertrek van Kastl, wat ook gerepatrieer sou word, daar lig-

---

(1) The Laws of South West Africa 1915-1922, Part 1: Acts of the League of Nations, p.1.

(2) Verslag van die Kommissie i.s. Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.5.

(3) Jaarsverslag van Suidwes-Afrika - Administrasie, 1939, p.14.

(4) Höhere Privat Schule Windhoek, Heft 3, September 1963, p.15.

(5) Fünfzig Jahre Deutsche Schule Lüderitzbucht, p.13.

game sou wees wat die bestuur van die skole op hulle kon neem. Voor sy vertrek laat Kastl genoeg fondse agter om die Duitse skole tot 31 Maart 1920 te finansieer.(1)

C. STAPPE TOT OORNAME VAN DUITSE SKOLE.

Die nuwe Mandaatadministrasie het spoedig bewys dat die aanvanklike beleid van nie-inmenging in die Duitse skoolwese nie sou voortduur nie. In opdrag van Administrateur Gorges word op 23 Desember 1919 'n omsendbrief uitgestuur wat bekend maak dat die regering van voorneme is om die eertydse Duitse skole en koshuise op 1 April 1920 oor te neem.(2)

Van daardie datum af sou by die onderrig met een les per dag òf Hollands òf Engels begin word in St. I. Die beleid sou jaarliks ook vir die daaropvolgende standerds uitgebrei word tot en met St. 4. Van St. 5 af, d.w.s. in 1924, sou Duits slegs as tweede taal onderrig word, en die voertaal sou òf Hollands òf Engels wees na gelang van die keuse deur die ouer reeds in St. I. gedoen.(3)

In 'n onderhoud met die hoof van die Realschule teen die einde van Desember 1919, het die Organiserende Inspekteur van skole, meneer H.G. Lewis, die hele posisie soos volg verduidelik:-(4)

1. Die eertydse skole en koshuise sou op 1 April 1920 deur die Staat oorgeneem word.

---

(1) Verslag van die Kommissie i.s. Regte van Duitssprekendes in Suidwes-Afrika, p.22.

(2) Ibid., p.22, 23.

(3) Rapport van die Administrateur voor het jaar 1919, p.7.

(4) Landes Zeitung, Nr.2 gedateer 6 Januarie 1920.

2. Alle onderwysers wat voorheen in regeringsdiens was, sou gerepatrieer word.
3. Onderwysers wat nie in regeringsdiens was nie, kon op hulle eie versoek in die staatsdiens opgeneem word.
4. Plaasvervangers vir uittredende onderwysers sou nie meer in Duitsland nie, maar wel in die Unie van Suid-Afrika gewerf word.
5. Plaasvervangers sou deur die staat voorsien word, sodat geen onderbreking sou plaasvind nie.
6. Die pensioenskema sou deur die staat oorgeneem word.
7. Salarisse sou in ooreenstemming wees met dié in Transvaal; 'n gebiedstoelae is bykomend. Na vyf jaar sou onderwysers geregtig wees op vakansieverlof wat ook in Duitsland deurgebring mag word.
8. Op plase en dorpies mag Duitse privaatskole opgerig word. Hiermee sou die staat hom nie bemoei nie, maar geen staatsondersteuning sou aan sodanige skole gegee word nie.
9. Ouers wat hulle kinders vir opleiding na Duitsland wou stuur, kon dit doen sonder dat enige struikelblokke in hulle weg gelê sou word of in dié van hulle kinders by eventuele terugkeer.
10. Die personeel in koshuise wat oorgeneem word, sou Duits bly.
11. Bogenoemde besluite is die resultaat van onderhandelinge tussen die Administrateur en generaal Smuts, Eerste Minister van die Unie, en moes as finaal beskou word.

Op hierdie stadium was die Duitse bevolking weens repa-

triasie baie verswak. Voorts het inflasie in Duitsland na die vrede en devaluasie van die Duitse Mark, die plaaslike bevolking aansienlike geldelike verliese laat ly en 'n ernstige bedreiging vir die voortbestaan van die Duitse skole geword. Die owerheid het gehoop dat, ten gevolge van die ekonomiese druk, die Duitsers van die staatskole gebruik sou maak,(1) en Administrateur Gorges het die bepalings andersyds gesien as „in opmerkelike tegenstelling met die gestrenge en onsimpatieke behandeling van emigranten van uit die Unie naar dit land en van oorspronkelike Afrikaner Settelaars onder het voormalig Goevernement.
De Duitse taal was het enige medium dat in iedere skool moest worden erkend en in iedere standaard, en de geringe konsessies die later aan de Afrikaner bevolking in het zuiden van het Protektoraat werden verleend, werden met afgunst gegeven en waren in werkelikheid beuzelachtig". Enige Afrikaner wat hom hier wou vestig, moes, alvorens hy grond in besit kon neem, 'n verklaring onderteken dat hy bereid was om sy kinders as Duitsers op te voed.(2)

D. <u>REAKSIE TEEN AANGEKONDIGDE BESLUITE</u>.

Dat daar beroering veroorsaak is, ly geen twyfel nie. Toe die Windhoekse Schulverein op 9 Januarie 1920 vergader, was die vernaamste punt op die sakelys "ob der

---

(1) Van Wyk: J.T., Aspekte van Onderwysontwikkeling in Suidwes-Afrika, 1915-60, p.6,7.

(2) Rapport van de Administrateur voor het jaar 1919, p.8.

Verein weiter bestehen oder sich auflösen solle."[1]

Die 50 lede teenwoordig besluit egter eenparig om, met die oog op die moontlike stigting van privaatskole, voort te bestaan. Verder word die stigting van 'n Zentralverband van alle Schulvereine oor die land in die vooruitsig gestel. [2]

Op 14 Januarie 1920 vergader afgevaardigdes van die Schulvereine oor die land in Windhoek en besluit eenparig om, terwille van gemeenskaplike optrede, 'n sentrale liggaam, bekend as die "Landesverband der deutschen Schulvereine", te stig.[3]

Dit is duidelik dat die byeenkoms die posisie baie goed opgesom en besef het: "dass die Durchführung dieser Bestimmungen den schnellen Tod des deutschen Schulwesens bedeutet hätte".[4] Ten einde te verseker "dass bei aller Loyalität gegen die neue Regierung, unsere Jugend ihrem Deutschtum unter allen Umständen (zu) erhalten und in der Erreichung dieses Zieles sich durch nichts irre machen zu lassen," word die volgende besluite geneem:[5]

(a) Die Schulvereine moes bly voortbestaan.

(b) Die owerheid sal versoek word om die Landesverband as die mondstuk van die Duitse ouers in Suidwes-Afrika te erken.

---

(1) Landes Zeitung, Nr.4 van 10 Januarie 1920.

(2) Ibid.,Nr.4 van 10 Januarie 1920.

(3) Ibid., Nr.6 van 15 Januarie 1920.

(4) Höhere Privatschule Windhoek, Heft 3, Sept. 1963, p.16.

(5) Landes Zeitung, Nr.6 van 15 Januarie 1920.

(c) Daar sal beswaar aangeteken word by die owerheid teen die besluit om binne vier jaar die Duitse skole tot Hollands/Engelse skole om te skep met Duits as vreemde taal.

(d) Indien die protes nie slaag nie, sou onmiddellik soveel private skole moontlik, en weliswaar in die eerste plek Volksschulen (Laerskole), selfs op die kleinste plekkies, gestig word.

'n Ontleding van die finansiële posisie het aan die lig gebring dat daar nog genoeg geld was om die skole vir 'n verdere ses maande te dra. 'n Veldtog sou onmiddellik van stapel gestuur word om in Suidwes-Afrika en in Duitsland nog fondse in te samel deur middel van loterye, basaars, ens.

Die Landesverband het dadelik 'n protesskrif opgestel teen die besluit wat gemik was op "die Vernichtung des Deutschtums unserer deutschen Jugend". Hierdie protesskrif was in drie tale beskikbaar, nl., Duits, Hollands en Afrikaans, en eksemplare daarvan is oorhandig aan Sir Howard Gorges, die Administrateur van Suidwes-Afrika, majoor Herbst van Windhoek, generaal J.C. Smuts, Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika en lede van die parlement te Kaapstad. Deur bemiddeling van die Switserse Konsul word dit ook gestuur aan die Permanente Mandaatkommissie en vrygestel aan alle Afrikaanse en Engelse koerante.(1)

As verteenwoordigers van die ouers het die Zentralverband beswaar gemaak teen die besluite om Duits as Moedertaalonderrig bo die vierde standerd af te skaf en

---

(1) Ibid., Nr.8, van 20 Januarie 1920.

plaasvervangende onderwysers in die Unie in plaas van in Duitsland te werf.[1] Hulle het hulle beroep op Artikel 2 van die Deklarasie van die Volkebond gedateer 17 Desember 1920, wat lui -[2]

> "The Mandatory shall promote to the utmost the material and moral well-being and the social progress of the inhabitants of the territory to the present Mandate".

Vergelykenderwys is die posisie van die Duitse skole in Pole aangehaal, waar ten spyte van die feit dat die Poolse regering alle koste vir die skole moes dra "alle onderrig in die Duitse taal en deur Duitse onderwysers gegee word, wat hul opleiding aan Duitse universiteite ontvang het". As dit die beleid in afgeskeie Duitse gebiede is, kon dit soveel te meer verwag word in Mandaatgebiede waar die onderskeie nasionaliteite minstens kultureel dieselfde regte moes hê.[3]

Die Landesverband het beklemtoon dat hulle nie teen oorname van die skole deur die staat was nie, ook nie teen die uitbreiding van Engelse en Hollandse onderrig nie. "Inteendeel is hulle van die noodwendigheid oortuig dat

---

(1) Ibid.

(2)(a) Goldblatt: adv. I., The Mandated Territory of South West Africa in relation to the United Nations, p.5.

(b) Landes Zeitung, Nr.8: 20.1.1920: „Wir verweisen auf die im Friedensvertragvorgesehenen Bestimmungen zum Schutze nationaler Minderheiten in den von Deutschland abgetrennten Gebieten".

(3) Ibid.

die Duitse kinders aan die einde van hul skoolloopbane Engels en Hollands moet beheers sodat hulle gelykwaardige Suid-Afrikaanse burgers kon wees".(1) Hulle pleit egter vir die behoud van moedertaalonderrig aan hulle kinders, die natuurlike reg van elke ouer. Saamgevat kom die eise hierop neer:-(2)

(a) Die medium van onderrig in alle klasse moes Duits wees, behalwe by die onderrig van vakke soos Engels en Hollands.

(b) Uittredende onderwysers moes hoofsaaklik uit Duitsland vervang word, totdat Suid-Afrika sy eie Duitse opleidingssentrum het.

(c) Die onderrig van die vreemde taal moes tot die vierde skooljaar, of op die vroegste, die begin van die derde skooljaar, uitgestel word.

Elke party in die hele aangeleentheid het nou sy saak gestel. Die Duitsers het geen geleentheid onbenut gelaat om mondeling of skriftelik te getuig nie. 'n Afvaardiging van "Verbande der Verwertungsvereinigungen" haal dit op in 'n onderhoud met Generaal Smuts op 19 Januarie 1920.(3) Die Landes Zeitung antwoord op 'n artikel in Südwest - Suidwest van 28 Januarie 1920 onder die opskrif "Deutschlands Jugend am Scheidewege": "Unsere deutsche Jugend wird auf demselben geraden Wege ihrer

---

(1) Ibid.

(2) Ibid.

(3) Ibid., Nr.11 van 27 Januarie 1920.

deutschen Erziehung weiter schreiten wie bisher." (1) Met waardering word ook verwys na "Die Volkstem", mondstuk van die regering, se mening dat Duits saam met Engels en Hollands gelyke behandeling behoort te geniet. (2)

Die verskyning van die gedig "Sei eins, mein Volk", deur Elsa Roth in die Landes Zeitung op 7 Februarie 1920. Moet nie as toevallig beskou word nie; dit was 'n doelbewuste oproep tot alle Duitsers om in die stryd om die behoud van 'n volk nie afsydig te staan nie. (3)

E. GEVOLGE VAN DIE REAKSIE.

Voorlopig het die houding van die Duitse bevolking die owerheid beïnvloed om die oorname van die skole en koshuise tot 30 Junie 1920, of selfs later, uit te stel. Verder is die repatriasie van die Duitse onderwysers, drie dae voor die aangekondigde datum, opgehef. (4)

Verwyderde steun het gekom van die Suid-Afrikaanse pers en in die parlement het lede van die Nasionale Party die saak ter sprake gebring. (5)

Intussen was alle Duitse skole privaatskole en die onderwysers is deur die Schulvereine besoldig. 'n

---

(1) Ibid., Nr. 13 van 31 Januarie 1920.

(2) Ibid.

(3) Ibid., Nr. 16 van 7 Februarie 1920.

(4) Ibid., Nr. 44 van 13 April 1920.

(5) Ibid., Nr. 28 van 30 Maart 1920:- C.W. Malan, L.V., stel 7 vrae aan generaal Smuts.

Dreigende gevaar was die regering se aanspraak op alle geboue. Op die lang duur sou dit onmoontlik wees om die koste vir nuwe skole, koshuise, leermiddels en besoldiging van onderwysers op die skouers van die Duitse bevolking te lê.(1) Dog die Landesverband het by hul vorige besluite gebly en op die sitting te Omaruru van 18 tot 20 Mei 1920 doelbewus voortgegaan met reëlings asof die privaatskole sou bly voortbestaan. Die skoolkalender is opgestel en onderwysers se salarisse bepaal.(2) Op Lüderitz (6 Mei 1920) en op Windhoek (8 Mei 1920) word oorweeg om net een Realschule te hê en die standplaas na Swakopmund te verskuif.(3)

Verder blyk dit dat die R16,000 wat Kastl by die Bodenbank gelaat het, nie meer daar is nie. Nou moet die Duitsers die voldonge feit onder die oë sien om desondanks, terwille van hulle saak, middele uit eie sak en van oorsee te vind. Telegrafies word later R16,000 van Duitsland oorgedra. Die idee om aanteelvee daarmee te koop, vind nie byval nie. Trouens, daar word geredeneer dat liefs sonder hierdie steun klaargekom moet word, sodat die Duitse publiek steeds bewus kan bly van eie offers vir hul saak. In die woorde van professor Ghries moes dit voortaan wees: "Wir wollen und wir können".(4)

---

(1) Höhere Privat Schule Windhoek, Heft 3, September 1963, p.16.

(2) Landes Zeitung, Nr.61 van 22 Mei 1920.

(3) Ibid., Nr.54 van 6 Mei 1920 en 8 Mei 1920.

(4) Ibid., Nr.61 van 22 Mei 1920.